HOËRSKOOL
LUTZVILLE
HIGH SCHOOL
✉ 6, LUTZVILLE, 8165
☎ (027) 2171006
🖷 (027) 2172114
admin2@hslutzville.co.za

MY VOETSPOOR,
MY NALATENSKAP

Aan alle Ouers

WEEKBRIEF 10 VAN 2021 **UIT DIE KANTOOR**

LAASTE WEEKBRIEF VAN DIE KWARTAAL
Baie dankie aan elke leerling, ouer en personeellid wat hierdie kwartaal vining aangepas het om so gou moontlik weer terug te keer na die gewone roetine. Verseker is daar nog uitdagings, maar ons hanteer dit soos dit kom. Veral op sportgebied is daar nog vele grys terreine. Ons wens u nietemin almal 'n aangename ruskans toe – kom ons neem ook in die vakansie verantwoordelikheid vir mekaar se gesondheid.

OUDLEERLINGE EN/OF BUITE SKOOLPRESTASIES
Hiermee vra ons weer dat enige prestasie van oudskoliere na die kantoor gestuur word. (Sport/ Grade/Diplomas ens. behaal.)

- Baie geluk aan Carl van Niekerk, Graad 11, wat aan die 109 vir 109 Fietsry Uitdaging deelgeneem het. Aangesien die Argus nie kon plaasvind nie a.g.v Covid Regulasies, het die organiseerders 'n inisiatief geskep waar deelnemers d.m.v GPS-data die 109km op enige dag in Maart kon aflê. Hy het die 109km in 6h35min voltooi. Wat dit so besonders maak, is dat hy die uithouvermoë gehad het om die 109km op een dag te voltooi, sonder enige fietsry oefening vooraf. Ons is baie trots op jou!

LEERDER ID'S
Inskrywings vir die NSS-matriekeindeksamen vereis dat alle Gr.12-leerders moet registreer met 'n wettige ID-kaart aan die begin van hulle matriekjaar. Ons vra dus asb dat ALLE leerders ouer as 16 solank moet aansoek doen vir hulle ID-kaarte, aangesien die proses redelik lank neem. Alle leerders in Gr10 en Gr11, wat reeds in besit is van 'n ID-kaart, kan dit gerus skool toe bring sodat ons solank 'n afskrif op rekord kan hou vir matriek. ***Luzaan Pieters***

KULTUURAAND
Weens die verskuiwing na Vlak 1-inperkings kan ons nou toeskouers toelaat, daarom het ons besluit om die Kultuuraand te verskuif na 21 April 2021. Hoër- en laerskoolleerders is welkom om deel te neem. Kom wys die aand jou talente. Jy kan dans, sing, mimiek, wat jy ook al as jou talent sien. Ons sal Maandag, 19 April, na skool die kleedrepetisie hou. Daar is lekker pryse te wen en heerlike verkope by die kafeteria. A.g.v. Covid-regulasies, is alle kaartjies reeds verkoop en GEEN kaartjies sal by die deure beskikbaar wees nie. Deelnemers moet asb hulle name by Juf. Evert (HS) en Juf. Lientjie (LS) kom ingee. Vir enige verdere navrae kontak Juf. Evert of Juf. Lientjie.
Lou-Anne Evert en Helene-Mari Keller

LS TENNIS
Baie sterkte aan die LS Eerstespan-seuns. Hulle neem op 21 April deel aan Tennis SA se Paribas Rising Star tennistoernooi. Dit is die eerste rondte en ons glo dit sal voor die wind gaan in Moorreesburg. ***Annalise Nieuwoudt***

LS NETBAL
Die LS Netbal se tye is vanaf 3 Mei 2021 as volg:

	Maandag	Woensdag
0/7 (Juf Alma)	13:45-14:30	
0/8 (Juf Ronel)		14:00-14:45
0/9 (Juf Anida)	13:45-14:30	
0/10 (Juf Santie)	16:00-16:45	16:00-16:45
0/11 (Juf Anso)	14:00 – 14:45	
0/12 (Juf Lientjie)	16:30-17:30	16:30-18:00
0/13 (Juf Dessi)	16:30-17:30	16:30-18:00

LS RUGBY
Die LS Rugby se oefentye is vanaf 14 April 2021 soos volg:

	Maandag	Woensdag
0/11		14:30 – 15:30
0/13	15:30 – 16:30	15:30 – 16:30

Verdere reëlings rondom die 0/7 – 0/9 spanne sal volgende kwartaal deurgee word.

HS NETBAL
Voorlopige datums:
7 Mei Proewe 0/14, 0/15, 0/16
14 Mei Proewe 0/17, 0/19
Tyd en plek van beide datums sal nog deurgegee word

20 Mei Weskus Proewe (Moorreesburg)
28-29 Mei Sone 1 Proewe (Overberg)
4-5 Junie Weskaap Proewe

HS BOORESPORT
Op Donderdag, 22 April gaan die VRL weer 'n Boeresportdag hou na 2de pouse. Dit is slegs vir Hoërskoolleerders. Elke span bestaan uit 10 lede (en hoef nie in klasverband te wees nie). Die kostes beloop R10 per span. Julle kan die spanne by enige van die VRL-lede inskryf. Die sluitingsdatum is 16 April 2021. ***VRL 2021***

PRETLOOP VIR BYBELS
Bring terug die glimlag na kindergesiggies deur aan die Pretloop vir Bybels Challenge deel te neem. Ons as CSV wil deelneem aan die 100km hardloop-uitdaging en die fondse wat ingesamel word gaan vir Geopende Deure wat Bybels na onbereikte lande neem. Aangesien die Grondslagfase (Gr.1 – Gr.3) alternatiewe dae skool toe kom, sal hulle ongelukkig nie kan deelneem nie. **Koste:** Dit gaan R20/ deelnemer kos, dus R100 vir die groep. **Datum**: 17 April – 26 April. Ons gaan op 22 April met 'n 'BANG' afskop en ons eerste 5 km vanaf die skool hardloop. Die res voltooi jy by die huis oor die aantal dae. *Jy kan die aantal kilometer in minder dae ook voltooi. Kom skryf in by juffrou Lou-Anne Evert (HS), of juffrou Jo Anri Barnes(LS). Ons gaan nie net 'n glimlag op kinders se gesigte sit nie, jy verloor dalk sommer 'n paar kilo's ook.* ***Lou-Anne Evert en Jo Anri Barnes***

BELANGRIKE DATUMS
3 Mei Skool open met dag 1 - Tye bly alles dieselfde
8 Mei HS Vredendal weg – Spanne betrokke: Netbal 0/19A, B, 0/16A, 0/15A, 0/14A, B
Rugby 19A, 16A
12 Mei VSS weg
26 Mei HS Calvinia weg
9 Julie Skool Sluit

ASSESSERINGS EN RAPPORTREËLINGS
Assesserings vind nog tot Donderdag 22 April plaas. Leerlinge moet dus sorg dat hul tot op hierdie datum die nodige toetse/take ens. aflê. Wanneer 'n leerling in isolasie is a.g.v. van eerste kontak met Covid, word daar met die spesifieke vakonderwyser gereël sodat die leerling in 'n aparte lokaal kan toets skryf. Op Vrydag 23 April sluit die skool om 12h00. Alle rapporte sal dus eers in die eerste week van volgende kwartaal uitgegee word.

Leerders word herinner daaraan dat ons skool weer sal oorgaan na wintersdrag vanaf Maandag 17 Mei. Hoërskoolleerders moet asseblief betyds reëlings begin tref vir 'n swart skoolbaadjie en das.

Vrede en veilig bly.

MARLIDA LOMBARD
SKOOLHOOF
14/04/2021